

Stry vir die Geloof



03

Hoe God praat en die
verborgenheid
openbaar...

hoe God praat met Sy mense...



Christian Truth Ministries
TEL:+27 (0) 43 7221520
Email:truthmin@mweb.co.za
www.truthmin.co.za



Stry vir die Geloof...

Content and teaching:

Published by Christian Truth Ministries – www.truthmin.co.za

Judas 1 : 3

Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.

In hierdie tye waarin ons leef is dit baie belangrik en van onskatbare waarde om te weet wat jy glo, maar ook om te stry vir dit waarin ons glo, naamlik vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Die Woord van God is onveranderlik en dit is nie ons plek om daarvoor te debatteer of dit te wil “aanpas” nie. Ons is geroep om te veg vir die waarheid wat aan ons geopenbaar is deur Sy magtige Woord.

Hierdie reeks leringe poog nie om op die Woord uit te brei, of dit te verander, of om 'n bepaalde standpunt te verdedig nie, maar om liewer die openbaring van die Woord weer te gee op 'n verstaanbare, bondige wyse, in gees en in waarheid (die belangrikste!).

Ons glo die Woord van God is die onfeilbare waarheid en alle aspekte van hierdie lering kom direk uit die Woord en word helder en duidelik uiteengesit, sodat die volheid van Christus Jesus beskikbaar is vir almal wat bereid is om hulle met volle oorgawe daartoe te verbind. So kan mens dan presies weet wat dit is waarin jy glo en met opregte oortuiging daarvoor stry.

Die onderwysing in hierdie reeks sal ongetwyfeld tot groot voordeel strek vir individue, asook vir die Liggaam van Christus. Dit kan ook deur u persoonlik gebruik word, as 'n kleingroep-studie, as 'n gemeente Bybelstudie, of as 'n boodskap aan die groter gemeente. Maak gerus kopieë en versprei hierdie leringe (gratis), maar hou asseblief by ons kopiereg ooreenkoms – druk en kopiëer die leringe in die uitlegformaat van hierdie dokument en moet geen logo's, bladuitleg en / of name verander nie. Ook mag geen kopieë verkoop word nie. Sou u verkies om eerder gedrukte kopieë te koop, kontak ons asb. by Christian Truth Ministries.

Mag God u ryklik seën terwyl u tyd spandeer in Sy Woord en in gebed en opreg, ywerig veg vir die geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges.

Peter Michell

Christian Truth Ministries
www.truthmin.co.za

TABLE OF CONTENTS

STUDIE 3

HOE GOD PRAAT EN DIE VERBORGENHEID OPENBAAR	3
Hoe praat God vandag	4
SKRIFVERWYSINGS IN STUDIE 3	6

STUDIE 3

HOE GOD PRAAT EN DIE VERBORGENHEID OPENBAAR

In Sy ewige wysheid, Het God nog nooit die mens in die duister gelaat oor wat van hom verwag word nie. God het direk met Adam, Noag, Abraham en Moses gepraat. Hy het ook deur visioene gepraat met die profete van ouds.

God het deur die profete Jesaja, Jeremia en andere gespreek. Hulle was dikwels gegrief, met tye selfs verskrik! Wat God sê en wat Hy voorskryf, word altyd waar, en dit word óf gehoorsaam óf verontagsaam, maar Hy bly altyd getrou aan Sy woord.

Die profete het gespreek en geprofeteer oor die koms van Christus. Johannes die Doper was dan ook die laaste profeet vóór Sy koms. Christus het gekom en Sy Vader se wil volbring gedurende Sy kort tydjie hier op aarde. Daarmee het Hy alles wat die profete gesê het bevestig

Kort voor Sy hemelvaart het Jesus Sy dissipels aangespreek en onderrig, in voorbereiding op hulle toekoms, en op wat nog ná hulle sou gebeur. Vir 40 dae het Hy hulle geleer en bevele gegee, voordat Hy teruggegaan het na Sy hemelse Vader.

Jesus het deur gelykenisse gespreek, omdat ons geestelike verstand geopen en lewendig gemaak moet word en sodat ons met ons geestelike ore en oë kan hoor en sien. Die verborgenheid waarin ons leef is dus deur God self onderskei en openbaar, terwyl die Heilige Gees ons leer en dit wat gesê is vir ons aan die verstand bring.

In Sy getrouheid het God nog nooit Sy volk sonder doel of plan gelaat nie. Daarom sal ons geen verskoning hê op die oordeelsdag nie. Ons sal onself nie kan regverdig of verdedig deur te sê "Here, ons het nie geweet wat van ons verwag word, of wat U vir ons gesê het nie."

Notas/Verwysings

- Genesis 2:16-18; Genesis 6:13; Genesis 12:1; Exodus 20:1-2; Numeri 12:6; I Samuel 10:10; II Kronieke 20:20

- Matthéüs 11:11,13

- Hebrëers 10:7; Matthéüs 28:18-20

- Matthéüs 13:13,15; Matthéüs 16:15-17; Efésiërs 1:17-19; Johannes 14:17,26; Johannes 16:13

- Handeling 1:2-3

HOE PRAAT GOD VANDAG

Nadat Hy in die verlede deur Sy profete gepraat het, spreek God nou, in hierdie laaste dae, deur Sy Seun Jesus Christus.

Hoe spreek Sy Seun nou? Deur die 5 bedieninge wat Jesus by Sy hemelvaart aan die kerk gegee het as 'n gawe. **Efesiërs 4:11-12** sê: "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus."

Notas/Verwysinas

- Hebrëers 1:1-2; Handeling 3:21; Lukas 1:70; II Petrus 3:2; Efesiërs 4:10-14

Hoe God praat met Sy mense

Hebrëers 1:1-2

1Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, 2het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het.

In die verlede het God direk tot die vaders en deur die profete

Genesis 3:9
Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom, Waar is jy?

DIE VERLEDE

Numeri 12:2,4
2En hulle het gesê: "Het die Here dan maar alleen met Moses gespreek? Het Hy nie ook met ons gespreek nie?" En die HERE het dit gehoor. 4Toe het die HERE dadelik met Moses en Aäron en Miriam gespreek.

DIE KRUIS



In hierdie laaste dae praat God met ons deur Sy Seun, deur Sy Woord, onder die salwing van die Heilige Gees.

Efesiërs 4:11
En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars.

LAASTE DAE

Efesiërs 4:7-12
7Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus. 8Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte het Hy die gevangenis gevange geneem en gawes aan die mense gegee

Hierdie bedieninge het 'n baie spesifieke rol om te speel, nl. om die godspraak, verordeninge, statute ens. van God te SPREEK, m.a.w. al Jesus se noukeurige instruksies voor Sy hemelvaart. God het nie Sy volle openbaring en volledige raad of instruksies aan een mens gegee nie, maar aan die 5 bedieninge, sodat Sy kerk, die Liggaam van Christus, ten volle toegerus kan wees om te HOOR wat Hy vandag vir ons sê.

God se inwoning is nou deur die gees wat in elke weergebore gelowige heers, waar alles wat gesê word bevestig word in die mond van 2 of 3 getuies. God praat in die Liggaam van Christus, deur die salwing en leiding van die Heilige Gees, sodat Christus alleenlik al die eer, glorie voorrang en voortreflikheid ontvang!

Die plek of gebou is van geen belang nie en waarookal 2 of 3 saam vergader, sal God praat. Die Godgegewe outoriteit om namens Hom met die kerk te praat is dus deur hierdie bedieninge, terwyl die Heilige Gees die Woord bevestig – daar word nooit enige voorkeur of outoriteit gegee, bó die gesproke, bediende woord nie.

God het verkies om diesulkes wat glo, te red deur die dwaasheid van die prediking. Die gawes van die Heilige Gees is daar om die Woord te bevestig en menseharte te rig tot 'n volkome, betekenisvolle verhouding met Jesus Christus en die Vader, nl: die spreek in tale, die interpreteer van tale, die profesie, die woord van wysheid, die onderskeiding van geeste en die woord van kennis.

Dit is alleenlik in die prediking van die kruis dat die mens vrygemaak kan word. Dit maak mens nederig om te dink dat God mense soos ons sou kies om vandag Sy ondeurgrondelike rykdom, Sy wysheid, Sy doel, Sy wil ens. te preek. Laat ons dan nou met groot versigtigheid wandel, terwyl ons die Woord van die Lewe aan ander bedien.

SKRIFVERWYSINGS IN STUDIE 3

Alle skrifverwysings in hierdie studie is geneem uit die Ou Afrikaanse Vertaling.

Notas/Verwysings

● II Korinthiërs 13:1;Matthéüs 18:16

● I Korinthiërs 12:8-11;
I Korinthiërs 1:17,18,20,21

